Kan ‘n mens seker wees?

'n Vrou wat aan depressie gely het, sterf tragies. By haar huis aangekom, kry haar predikant haar vriendin – ‘n christen. Sy eerste vraag is: '' Het jou vriendin die Here geken?" "Nee ek dink nie so nie, maar een ding weet ek, sy was soekende" antwoord die vriendin.
Wat 'n tragedie as iemand sonder geloofsekerheid sterf!

Kan 'n mens seker wees van jou geloof?
Ja, 'n mens kan. In 1 Johannes 5 vers 13 staan daar: 'Dit het ek geskrywe aan julle.....sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het .....'
Job sê in Job 19 vers 25: 'Ek weet my Verlosser leef.'
Hebreërs 10 vers 22 sê: 'Laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid .....'
(Vergelyk ook die volgende verse: 1 Tessalonisense 1 vers 5; 1 Johannes 3 vers 2; 2 Timoteus 1 vers 12; Romeine 8 vers 38 - 39; Hebreërs 6 vers 11)

Dit is noodsaaklik om seker te wees

Onsekerheid is skadelik vir 'n mens se lewe.

Onsekerheid:

 # bring 'n tydelike gerustheid en 'n valse vrede.

 # veroorsaak vrees vir die dood.

 # gee aanleiding tot geestelike traagheid en kwynende belangstelling in geestelike sake (Hebreërs 6 vers 11 - 12)

 # bewerkstellig 'n vormgodsdiens sonder vreugde en krag;

 # is verantwoordelik vir 'n lewe van val en opstaan;

 # neem jou vrymoedigheid weg;

 # veroorsaak twyfel en 'n gebrek aan sekuriteit.

Valse fondamente

 # Sommige sê: 'Ek is godsdienstig en gaan gereeld kerk toe.' Jesus sê in Matteüs 7 vers 21: 'Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie.'

 # Ander sê weer: ' Ek werk in die gemeente.' In Matteüs 7 vers 22. - 23 se Christus: 'Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?' En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie.'
Party mense vertrou op hulle voorbeeldige lewens. Aan die Fariseër Nikodemus sê Jesus in Johannes 3 vers 3 'Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.'

 # Ander redeneer: 'Die Here hoor my gebede.' In Lukas 8 vers 32 verhoor die Here selfs die gebede van duiwels.

 # Daar is mense wat sê: 'Ek glo in God.' In Jakobus 2 vers 19 staan: 'Jy glo dat God een is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder.'

Die oorsake van onsekerheid

 # Weersin in die lewe van sogenaamde christene.

 # Vrees vir 'n soortgelyke 'godsdiens'.

 # Onkunde en 'n gebrek aan kennis van God se beloftes.

 # 'n Selfgemaakte godsdiens wat 'n mens nie kan bevredig nie.

 # 'n Verkeerde verwagting dat God Hom op 'n spesiale manier my sal openbaar.

 # Besware en verskonings: 'Ek is 'n te groot sondaar.'

 # 'n Onwilligheid om God se beloftes toe te eiën.

 # 'n Misverstand oor wat geloof beteken. 'n Verstandelike (Jakobus 2 vers 19), historiese (Filippense 3 vers 5 - 6) of 'n dooie 'geloof' is geen geloof nie.

 # 'n Gevoelsoorskatting. 'n Vertroue op 'n wisselende gevoelservaring in plaas van 'n vertroue op God en sy beloftes.

 # Ongehoorsaamheid en 'n gebrek aan sondebesef (Jesaja 59 vers 1 -2) sodat die Heilige Gees, wat die enigste Persoon is wat geloofsekerheid kan bied (Romeine 8 vers 16), bedroef is. (Efesiërs 4 vers 30)

 # wanneer ek dink dat God nie my gebede verhoor nie. God hoor elke opregte gebed, maar Hy antwoord nie onmiddellik nie, en sy antwoord is nie altyd ja nie.

 # Wanneer terugslae' probleme en teenspoed my laat dink dat God my nie meer liefhet nie. Lees Hebreërs 12 vers 5 - 6.

'n Belangrike vraag aan jou:

Het jy al geloofsekerheid?

Daar is 'n paar moontlikhede:

Is jy

 # Onseker?
Dan is jou antwoord moontlik: 'Ek hoop so.' 'Ek dink so.'
'Ek probeer om 'n kind van God te wees.'

 # Ontwykend?
'Ek lees my bybel en ek bid.,
'My pa is al jare op die kerkraad.'
'Ek het in 'n christelike huis groot geword.'
'Ek was nog altyd 'n kind van die Here.'

 # Ontkennend?
'Dit is onmoontlik.'
''n Mens kan nooit voor die dood seker wees nie.'

 # Onverskillig?
'Ek is nie 'n kind van God nie en ek stel ook nie belang nie.'

 # Eerlik en opreg?
'Nee, ek het nie geloofsekerheid nie maar ek verlang daarna.'

Gaan na die dokument 'My geestelike geboortesertifikaat' en volg die stappe soos aangedui.

 # Bevestigend?
'Ek weet ek verdien dit nie, maar ek is oortuig daarvan dat ek 'n kind van God is omdat die Here Jesus vir my aan die kruis gesterf het en ek my lewe vir Hom oopgemaak het.'

Watter een van die reaksie weerspieël jou antwoord?

Waarop berus geloofsekerheid?

 # Die beloftes van God in die Bybel (1 Johannes 5 vers 9)

 # Die geloofstoeeiening van God se beloftes (Handelinge 16 vers 31)

 # Die getuienis van die Heilige Gees in jou lewe (Romeine 8 vers 16)

Jy kan ook in die wonderlike voorreg deel om seker te wees dat jy 'n kind van God is wanneer jy bereid is om die volgende stappe te volg:

 # Ontdek dat jy 'n sondaar is (Romeine 3 vers 23)

 # Erken dat jy verlore is (Romeine 6 vers 23)

 # besef dat jy jouself nie kan red nie (Romeine 3 vers 20)

 # Aanvaar dat Jesus Christus die enigste Verlosser is (Johannes 14 vers 6)

 # Verootmoedig jouself heelhartig voor God (Job 42 vers 6; Jeremia 29 vers 13)

 # Bely jou sonde (1 Johannes 1 vers 9)

 # Aanvaar Jesus as jou Verlosser wat in jou plek aan die kruis gesterf het (Johannes 1 vers 12)

 # Stel jou lewe oop vir die Heilige Gees en eien sy volheid toe in die geloof (Openbaring 3 vers 20; Romeine 6 vers 13)

 # Neem die ewige lewe aan as 'n geskenk uit God se hand (Johannes 3 vers 36; Roneine 6 vers 23)

Moenie uitstel nie, want van uitstel kom afstel.

2 Korintiërs 6 vers 2 'Nou is die tyd van die welbehae.'
Jesaja 1 vers 18 'Kom nou, en laat ons die saak uitmaak, se die Here.'
Hebreërs 3 vers 15 '....vandag as julle sy stem hoor verhard julle harte nie.'
Jesaja 55 vers 6 'Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is, roep Hom aan terwyl Hy naby is.'

Onthou eerder 'n datum te veel as 'n datum te min.
Wanneer jy die saak met die Here uitgemaak het, gee God aan jou sy waarborg in Johannes 1 vers 12 dat jy sy kind is. As die duiwel met aantygings kom, gebruik dié belofte as 'n swaard om die vyand af te weer.

Dit is 'n groot voorreg om sekerheid van geloof te hê!

Skrywer dr Ernst van der Walt